

Kuns

kuns@beeld.com

☎ 011 713 9284

Oudhede en modernes op 47ste skou

Die 47ste skou van die Suid-Afrikaanse oudhedehandelaarsvereniging (SAADA) is dié naweek in Johannesburg te sien.

Benewens oudhede word 20ste-eeuse stukke ook op dié skou in die Wanderers-klub in Illovo uitgestal en te koop aangebied.

Onder die handelaars wat verteenwoordig word, is die Nederlandse Kunsthandel HWC Dul-laert, Deon Viljoen van Kaapstad en Pier en Jo-Marie Rabe van Stellenbosch.

Van die items wat vertoon word, is 'n Statebybel wat dateer van 1729, 'n "kapteinstoel" wat omstreeks 1965 deur Jean Gillon ontwerp is, Hollandse kaste en kabinette en glas- en silwerware, waaronder 'n seldsame De Morgan-vaas van om en by 1890.

Justin Kerrod se boek *Guide to Southern African Potters Marks*



20ste-eeuse ontwerpstukke en meubels is ook te sien op die skou van die Suid-Afrikaanse oudhedehandelaarsvereniging in Illovo, Johannesburg.

& Monograms is te koop op die skou, asook 'n versameling Suid-Afrikaanse keramiekwerke.

Die SAADA-skou kan van Vrydag tot Sondag van 10:00 tot 18:00 besoek word.

Kaartjies kos R50 stuk.

Vir meer inligting, besoek die webwerf www.saada.co.za.